Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

## SEPTEMBER 2016

# AFRIKAANS HUISTAAL V1

**PUNTE:** **70**

**TYD:** **2 uur**

*AFRHL1*

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | LEESBEGRIP | (30) |
| AFDELING B: | OPSOMMING | (10) |
| AFDELING C: | TAAL | (30) |

2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op ʼn NUWE bladsy.

5. Trek ʼn streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ʼn reël oop na elke antwoord.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS 1: ARTIKEL

# Afgerig of onderrig?

*Voortdurende toetsing is nie die oplossing vir Suid-Afrika se onderwysprobleme nie, skryf Michael le Cordeur.*

1 Daar heers ŉ vurige debat oor die Departement van Basiese Onderwys se jaarlikse nasionale assesseringstoetse (ANA's). Vanjaar is alle leerders van gr.1 tot gr.9 veronderstel om die toetse te skryf.

2 Volgens die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (SADOU) gaan dit minstens 200 miljoen rand kos. SADOU meen dat as in gedagte gehou word dat sommige skole nog puttoilette het, is dit ŉ vermorsing van geld. Die toetse is uiteindelik uitgestel.

3 Die ANA-toetse is in 2011 begin as ŉ strategie van dié departement om teen 2014 minstens 60% van die land se leerders se lees- en syfervaardighede op die regte peil vir hul ouderdomsgroep te kry. SADOU (en ander vakbonde) meen dat die toetse net elke drie jaar afgelê moet word. "Ons wil nie die toetse heeltemal afskaf nie, maar dit is nie nodig om dit elke jaar te skryf nie. Gebruik daardie geld om onderwysers op te lei," is SADOU se mening.

4 Assessering vorm ŉ integrale deel van onderrig en leer. Dis nie net ŉ manier om leerders se prestasie te meet nie. Die uiteindelike doel van assessering is die verbetering van onderrig, die kurrikulum en die omstandighede waaronder leerders moet leer. Assessering bied ook waardevolle data wat as basis dien vir remediërende aksies, terwyl dit ook gebruik word om te besluit of dit in leerders se belang is om hulle terug te hou of hulle na die volgende graad te bevorder.

5 Assessering is sinoniem met doeltreffende onderrig - is dit ŉ gegewe in Suid-Afrika? Minder as 11% van die gr.9-leerders het verlede jaar die Wiskundevraestel van die ANA's geslaag.

6 Navorsers erken ruiterlik dat die ANA-uitslae geen sin maak nie. "Hoewel die resultate van die toetse waardevolle data gee, is daar baie slaggate in die stelsel wat ons bekommerd maak," het prof. H. Venkatakrishnan van die Universiteit van die Witwatersrand gesê. "Die ANA-toetse bied nie vir ons die insigte wat ons nodig het om probleme in die onderwysstelsel op te los nie," was prof. S. van der Berg van die Universiteit Stellenbosch se mening. Die vernaamste probleem is die standaardisering van die toetse. Toetse word jaarliks verskillend opgestel en daarom is dit onmoontlik om geldige afleidings tussen graadgroepe en oor verskillende jare te maak.

7 Deur skole te dwing om hul geletterdheidsyfer te verhoog, het baie meer leerders hoërskool en selfs tersiêre onderwys bereik. Maar navorsing wêreldwyd dui daarop dat die jaarlikse gestandaardiseerde toetse tot ŉ afname in kreatiwiteit, innovasie en individualiteit by leerders gelei het. Dit beklemtoon slegs die vaardighede benodig vir toetse soos meervoudige vrae, ten koste van navorsings-, ontledings-, skryfvaardighede en eksperimentering wat juis nodig is om groot denkers, goeie leiers, briljante universiteitstudente en gewaardeerde werknemers te kweek.

8 Toetse en punte in ons skole het ŉ obsessie geword. Nie alles wat die moeite werd is om te onderrig, hoef altyd gemeet te word nie. Hoe meet jy die opoffering van ŉ onderwyser wat in ŉ diverse klaskamer kop bo water moet hou? Gestandaardiseerde toetse diskrimineer teenoor die meeste skole wat daagliks worstel om kop bo water te hou. Skole, distrikte en onderwysers is onder druk van die Onderwysdepartement om hul slaagsyfer in gestandaardiseerde toetse te verhoog omdat Suid-Afrikaanse leerders byna heel laaste in die ry staan. Dus word onderwysers gedwing om "die toets te onderrig".

9 In Australië is die stelsel aangepas sodat dit minder toetse behels. Die stelsel steun op wat leerders in staat is om te doen eerder as die "punte" wat in toetse behaal is. In Brittanje het onderwysstandaarde met rasse skrede agteruitgegaan weens die Britte se obsessie met toetsing. Leerders is dikwels net besig met uitgewerkte memoranda wat hulle vir toetse voorberei.

10 Finland het vandag die suksesvolste onderwysstelsel in die wêreld. Finse leerders is gereeld onder die toppresteerders in internasionale toetse. Alle leerders ontvang daagliks ŉ gratis maaltyd, gratis gesondheidsorg, vervoer, leermateriaal en berading by die skool om ŉ omgewing te skep wat bevorderlik is vir leer. Die fokus is op wetenskap, tegnologie, innovasie en kreatiewe denke. Die Finse stelsel belê in die kapasiteit van hul skole en hul onderwysers. Die onderwyser is die kern van die opvoeding. Dus is die bemagtiging en erkenning van hul rol as professionele opvoedkundiges die spil waarom alles draai – en die vernaamste rede vir die Finse sukses.

11 Die oplossing vir Suid-Afrika se onderwysprobleem lê myns insiens nie by meer toetse en eksamens nie. As ons aanvaar onderwysers is die sleutel tot ŉ suksesvolle onderwysstelsel, moet ons alles in ons vermoëns doen om hul doeltreffendheid te verhoog. Ons moet onderwysers intensief oplei, en heroplei en hulle die geleentheid gee om hul vaardighede deur middel van studieverlof en beurse te verbeter.

12 Ons behoort leerders slegs aan die einde van elke fase te toets: in die grade 3, 6 en 9. Dit bied die departement en distrikskantore twee jaar tussen elke fase om die uitslae te ontleed en gepaste intervensieprogramme te ontwerp en in werking te stel voordat die leerders weer getoets word.

13 Om voortdurend die varkie te weeg, laat hom nie groei nie. Hy benodig ook gesonde voeding.

14 As ons leerders toets net ter wille van toetsing, gaan hulle nie vorder nie – hulle benodig ook gebalanseerde onderrig.

[Aangepas uit: *Die Burger,* 17 September 2015]

1.1 Na aanleiding van die leesstuk, verduidelik die teenstrydigheid in die opskrif. (1)

1.2 Wat is die implikasie van die subopskrif EN verduidelik hoe dit aansluit by die titel. (2)

1.3 Noem die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie se kritiek op die jaarlikse assesseringstoetse. (1)

1.4 Waarom word assessering as noodsaaklik geag? (3)

1.5 Herlees die eerste sin van paragraaf 5. Stem jy saam? Motiveer jou antwoord. (1)

1.6 Verduidelik die uitdrukking in die tweede sin van paragraaf 6. (1)

1.7 Kan prof. Venkatakrishnan se siening in paragraaf 6 as bevooroordeeld beskou word? Motiveer jou antwoord. (1)

1.8 Verduidelik die oorsaak van die kritiek jeens hierdie toetse. (2)

1.9 Jaarlikse gestandaardiseerde toetse lei tot ŉ afname in kreatiwiteit by leerders. Is dit ŉ feit of ŉ mening? Motiveer jou standpunt. (2)

1.10 Watter afleiding kan jy maak uit paragraaf 7 oor die toename in kwaliteit van universiteitstudente en noem wat benodig word om briljante universiteitstudente te wees. (3)

1.11 Stem jy saam met die skrywer se standpunte in paragraaf 8? Motiveer kortliks. (1)

1.12 Vergelyk Australië en Brittanje se onderwysstelsels met mekaar. (4)


1.13 Wat veroorsaak dat Finland se onderwysstelsel só suksesvol is? (2)

1.14 Verduidelik die betekenis van paragraaf 13. (1)

**EN**

Kopiereg voorbehou 

## TEKS 2: SPOTPRENT




Die volgende woorde verskyn in die spotprent:

**SA** HET 8$^{ste}$ UIT **14** AFRIKA-LANDE GEKOM IN 'n STUDIE OOR DIE GEHALTE VAN ONDERWYS IN LAERSKOLE.

BAIE GELUK! JY STAAN **EERSTE...** UIT DIE **LAASTE** SEWE.

WELKOM BY PRYSAAND

1.15 Waarom word daar vetgedrukte woorde in die spraakborrel gebruik? (1)

1.16 Verduidelik die ironie in die woorde van die prys-aankondiger. (2)

1.17 Op watter wyse sluit die spotprent se inhoud by Teks 1 aan? (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

- Lees die onderstaande teks en maak ŉ opsomming van **sewe wenke wat jy kan doen om jou oë te beskerm**.
- Jou opsomming moet in jou eie woorde in ŉ duidelike, sinvolle **paragraaf** aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
- Moenie jou opsomming ŉ titel gee nie.
- Dui die **getal woorde** wat jy gebruik het, aan.

**FOKUS OP JOU OË**

**Jou oë is so uniek soos jy en het hul eie "vingerafdruk".**

As jy eers jou sig verloor, kan dit dalk nooit weer herstel nie. Goeie visie verseker beter lewensgehalte. Hoe vroeër ŉ probleem gediagnoseer word, hoe beter is die kanse vir suksesvolle behandeling.

Oogkundiges beveel ondersoeke elke twee jaar aan. In sommige gevalle word mense aangeraai om hul oë meer gereeld te laat ondersoek. Daar word gekyk na jou oë se algehele gesondheid, beserings, abnormaliteite en vroeë tekens van oogkwale. Oogkundiges toets ook of jou oë as ŉ span saamwerk.

Voedingstowwe soos omega 3-vetsure, luteïen, sink en vitamien C en E help om ouderdomverwante oogprobleme te stuit. Eet dus gereeld groen blaargroentes soos spinasie en kool. Salm, tuna en olierige vis, sowel as eiers, neute, sitrusvrugte en ander proteïene word ook aanbeveel. Volg ŉ gebalanseerde dieet wat jou gewig beheer sodat jy nie siektes kry wat met vetsug verband hou soos diabetes nie.

Rook verhoog jou kanse om katarakte, skade aan die optiese senuwee en makulêre degenerasie te kry.

Goeie sonbrille help jou oë teen die skadelike ultravioletstrale van die son te beskerm. Kies sonbrille wat 99-100% van UVA- sowel as UVB-strale blokkeer. ŉ Bril wat effens om die gesig vou, keer ook skade van die kant af. As jy sport beoefen waarin jou oë kan seerkry of in ŉ plek werk waar skadelike stowwe in jou oë kan beland, moet jy ŉ beskermende bril dra.

As jy te lank na jou rekenaarskerm staar, kan dit jou oë strem en dowwe sig veroorsaak. Jy sukkel om ver te fokus, jou oë kan uitdroog en jy kan kopsere en pyn in die nek en skouers ondervind. Maak seker jou bril of kontaklense is vir rekenaargebruik aangepas. Probeer lig op jou skerm vermy of gebruik ŉ spesiale skerm wat dit verminder.

Kry ŉ gemaklike stoel en sit met jou voete plat op die vloer. Om droë oë te voorkom, behoort jy jou oë meer gereeld te knip en te ontspan. Knip jou oë meer gereeld as dit droog voel. Ontspan jou oë vir elke 20 minute deur vir 20 sekondes ver te fokus. Staan gereeld op en rus. As jy dít alles getrou nakom, sal jy die "wortel ŉ dag laat jou oë lag"-mite nek inslaan.

[Aangepas uit: *Vrouekeur*, 25 September 2015]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae wat volg.




Die volgende woorde verskyn in die advertensie:

**1** Hierdie voete **2** verstaan dat <u>pyn</u> **3** maar net **4** 'n klein **5** deeltjie is **6** in die sprong na **7** die sterre. **8** Na daar **9** waar drome **10** <u>net</u> 'n tree **11** <u>weg</u> is.
**12** Waarheen jou drome **13** jou ook al mag <u>lei</u>, **14** ons sal jou help **15** om daar uit te kom.

3.1 Vervang die aanwysende voornaamwoord in reël 1 met ŉ ander woord sodat dit steeds dieselfde betekenis sal oordra. (1)

3.2 Verduidelik hoe die onderstreepte woord in reël 2 verander indien dit oorrond word. (1)

3.3 Wie is die teikenmark van hierdie advertensie? (1)

3.4 Hoe sluit die visuele voorstelling by die inhoud van die teks aan? (1)

3.5 Gebruik die onderstreepte bywoord in reël 10 as ŉ selfstandige naamwoord en gebruik dit in ŉ verklarende sin. (1)

3.6 Gee die meervoudsvorm van die onderstreepte woord in reël 11. (1)

3.7 Skryf die infinitiewe vorm uit reël 12–15 neer. (1)

3.8 *Waarheen jou drome jou ook al mag lei, ons sal jou help om daar uit te kom*.
Hoekom is die stelling ŉ mening? (1)


3.9 Gebruik die homofoon van *lei* in reël 13 en skryf dit in ŉ duidelik verklarende sin. (1)

3.10 Gee ŉ rede waarom die gebruik van die lettertipe van hierdie advertensie funksioneel is. (1)

**[10]**

## VRAAG 4: STROKIES

Die onderstaande vrae is op die strokies gebaseer:




[Uit: *Die Burger*, 28 Oktober 2013]

4.1 Brei die gesegde van die eerste sin in raampie 1 uit deur ʼn bywoordelike bepaling te gebruik. Skryf slegs die bywoordelike bepaling neer. (1)

4.2 Wat is die funksie van die ellips in die eerste sin in raampie 2? (1)

4.3 Vorm ʼn werkwoord van "*nodig*" in raampie 2. (1)

4.4 Voeg die ontbrekende leesteken in die eerste sin in raampie 3 in. (1)

4.5 Herskryf die sin in raampie 4 na die indirekte rede. (1)

4.6 Gee ʼn suiwer Afrikaanse woord vir die woord *"kroek"* in raampie 5. (1)

4.7 Wat kan jy uit die spreker se lyftaal in raampie 5 oor haar emosies aflei? (1)

4.8 Kyk na raampie 6 en lees dit weer. Watter implisiete boodskap word deur die seun oorgedra? (1)

4.9 Verander die woord "*vertrou"* in raampie 9 na ʼn persoonsnaam. (1)

4.10 Verklaar die ironie in raampie 9. (1)
**[10]**

## VRAAG 5: RUBRIEK

Beantwoord die vrae wat op die teks gebaseer is.

### Ode aan ’n uniform

1 Een van die lekkerste dinge van kinders grootmaak in Europa, het ek tot taamlik onlangs gedink, is dat hulle nooit ’n skooluniform hoef te dra nie. Ek was op my dae in vyf verskillende skole, met vyf verskillende uniforms, en ek het elkeen van daardie uniforms op ’n verskillende manier gehaat.

2 Noudat my sestienjarige seun elke oggend voor skool die badkamer beset om sy lyf soos ’n kersboom te versier smag ek soms na die goeie, ou skooluniforms van my jeugjare. Die lewe is soveel makliker as jy elke oggend wéét wat jy moet aantrek.

3 Uniforms bespaar tyd, beskerm jou teen modeflaters en moedig gesonde gesinsverhoudinge aan. (Ongelooflik hoe beduiweld die res van die gesin kan word as die badkamerspieël elke oggend deur ’n ‘tittewytende” tiener oorgeneem word!) En dan praat ons nie eens van die geld wat gespaar word nie. Elke Suid-Afrikaanse ouer weet hoe duur skooluniforms kan wees, maar kinders wat *nie* skooluniforms dra nie, word elke dag meer onbekostigbaar vir ouers.

4 Ons kinders het ’n obsessie met handelsmerke wat enige ouer tot waansin of bankrotskap (of soms albei) kan dryf. As jy my vra, is dit absurd om klerevervaardigers ten duurste te betaal net sodat jy ’n lopende reklamebord vir hul produkte kan word – maar my tienerseun, vra nie my mening nie. Al wat hy vra, is meer sakgeld sodat hy die nuwe Nike-skoene kan koop wat almal dié maand op die skoolterrein móét dra.

5 Wie sou ooit kon voorspel dat ek nostalgies sou raak oor die eenvormigheid van ’n uniform?

[Aangepas uit: *Sarie* – Junie 2008]

5.1 Verander die woordsoortlikheid van die onderstreepte woord in die opskrif na ’n byvoeglike naamwoord en gebruik dit in ’n sin. (1)

5.2 Wat word die inwoners van Europa (paragraaf 1) genoem? (1)

5.3 Korrigeer die spelfout wat in paragraaf 2 voorkom. Verbeter die fout deur slegs die korrekte woord neer te skryf. (1)

5.4 Skryf die eerste voorbeeld van ’n samestellende afleiding in paragraaf 2 neer. (1)

5.5 Wat beteken die onderstreepte woord in paragraaf 3? (1)

5.6 Skryf ’n voorbeeld van volksetimologie uit paragraaf 3 neer. (1)

5.7 Word die woord *waansin* in paragraaf 4 denotatief of konnotatief gebruik? Motiveer jou antwoord. (2)

5.8 Is die sin in paragraaf 5 enkelvoudig, veelvoudig of saamgesteld? Verstrek ’n rede vir jou antwoord. (2)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou